



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## NOVEMBER 2013

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

**NOTA AAN NASIENERS/ONDERWYSERS**

- In die inhoudsmemorandum is meer inligting verskaf as wat van kandidate verwag word.
- Die inligting deur kandidate verskaf kan verskil van die memorandum maar steeds korrek wees. Gebruik professionele oordeel in die assessering van inligting verskaf.
- Kolpunte ('Bullets') is in die memo gebruik om nasien te vergemaklik.
- Verwys na die **vermoënsvlakke** in die 'Fokusvraag'-tabel onder elke vraag om die hoë, medium en lae kognitiewe vlakke, wat in die antwoord verwag word, te bepaal.
- Nasieners moet nie kandidate vir verkeerde gebruik van grammatika of spelling penaliseer nie, solank die kandidaat se antwoord duidelik en verstaanbaar is en aan die nasienkriteria voldoen.
- Anatomiese terminologie, name van choreograwe, komponiste en danswerke moet korrek gespel wees.
- **Hulle mag egter nie volpunte vir opstel-/paragraaftipe vrae kry as daar grammatika- en spelfoute is en die antwoord nie in die regte formaat geskryf is nie of nie betekenisvol die vraag beantwoord nie.**
- In baie van die kwalitatiewe vrae, waar **volledige verduidelikings** vereis word, is een regmerkie nie altyd aan een punt gelyk nie. Halwe punte kan toegeken word.
- **Vermy die toekenning van volpunte waar die antwoord oppervlakkig en minimaal is.** Hierdie eksamen is die hoogtepunt van 'n 3 jaar-opleidingsperiode, van graad 10 tot 12, en die vlak van inspanning wat vereis word, is dieselfde as vir ander matriekvakke.
- Waar kandidate agterlosige foute gemaak het, bv. nommering, moet die nasiener en moderator besluit of die kandidaat die betrokke vraag korrek beantwoord het.
- Soek na dit wat die kandidaat weet, nie wat hy/sy nie weet nie.

**AFDELING A: DANSGESKIEDENIS EN TEORIE**

**VRAAG 1**

**MEMO:**

| **FOKUS VAN VRAAG** | **LEERUITKOMSTE** | | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Funksies van dans | LU1 | LU2 | LU3 | LU4 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| Noem 4 funksies | | | √ | | | 2 | | |
| Motivering | | | √ | | | | | 3 |

**NOTA AAN NASIENERS:**

Gebruik professionele oordeel wanneer die gehalte van die kandidaat se antwoord geassesseer word. Evalueer die hele antwoord om te assesseer wat die kandidaat weet en ken daarvolgens punte toe. Trek 1 punt af in 1.2 indien nie in die korrekte brief-/notaformaat met 'n begin en einde geskryf is nie. Dit moet gemotiveer word. Vermy om volpunte toe te ken as daar grammatika- en spelfoute is.

**KRITERIA VIR NASIEN:**

Ken ½ punte toe vir elk van die vier funksies genoem – 2 punte. (2)
Ken 3 punte toe vir die motivering van die belangrikheid van dans vir plaaslike politici. Ten minste drie motiverende redes moet ingesluit word. (3)
**[5]**

**MOONTLIKE FEITE WAT INGESLUIT MOET WORD:**

1.1 Funksies:
- Onderwys/Opleiding
- Vermaak
- Fiksheid
- Terapie/Helend
- Ekonomiese bemagtiging
- Viering (Verheerliking)
- Politieke uitdrukking
- Werkverskaffing
- Kommunikasie
- Uitdrukking van emosies/gedagtes/idees (2)

1.2 Motivering. Baie moontlike antwoorde kan gegee word:
- Sal die gemeenskap 'n plek gee om te oefen – dans en fiksheid
- Sal die gemeenskap 'n plek gee om kreatief hulle emosies deur beweging uit te druk helend/terapie
- Sal die gemeenskap leer om hulle liggame veilig te gebruik en om selfrespek en selfvertroue te ontwikkel – fiksheid/onderwys/opleiding
- Sal 'n vorm van vermaak verskaf – hou jongmense besig en van die strate af (3)

**[5]**

**VRAAG 2**

**MEMO:**

| **FOKUS VAN VRAAG** | **LEERUITKOMSTE** | | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Internasionale danswerk | LU1 | LU2 | LU3 | LU4 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| Verhalend/abstrak | | | √ | | | 2 | | |
| Sinopsis/tema/bedoeling | | | √ | | | | 3 | |
| Styl/gebruik van ruimte/bewegingswoordeskat | | √ | √ | | | | 5 | |
| Produksie-elemente, simboliek | √ | | √ | | | | 6 | |
| Effektiwiteit | | | | | | | | 4 |

**NOTA AAN NASIENERS:**

Die puntetoekenning sal verskil afhangende van die danswerk wat die kandidaat gekies het. Die punte wat in die fokusvraagtabel ingesluit is, is 'n riglyn oor hoe om die 20 punte toe te ken. Gebruik professionele oordeel wanneer die gehalte van die kandidaat se antwoord geassesseer word. Kandidate kan meer inligting in een afdeling as in 'n ander gee. Evalueer die hele antwoord om te assesseer wat die kandidaat weet en ken daarvolgens punte toe. Alle areas moet ingesluit wees vir die kandidaat om volpunte te verwerf.

**KRITERIA VIR NASIEN:**

In baie van die kwalitatiewe vrae wat **gedetailleerde verduidelikings** vereis, is een regmerkie nie gelyk aan een punt nie. Halfpunte kan toegeken word.

VRAAG 2.6 is 'n hoëvlakvraag. Dit moet ten minste 4 punte toegeken word.

***Nasieners moet vermy om volpunte vir 'n antwoord te gee as dit oppervlakkig en minimaal is.***

Kolpunte ('Bullets') is gebruik om nasien te vergemaklik. ***Nie alle kolpunte sal deur die kandidaat ingesluit wees nie, afhangende van die danswerk wat die kandidaat gekies het.***

**MOONTLIKE FEITE WAT KANDIDATE KAN INSLUIT:**

2.1 Geen punte toegeken vir die noem van die werk nie. (1)

2.2 Noem of die werk abstrak of verhalend is.
Verhalend: Apollo, Revelations, Applachian Spring, Ghost Dances, Rooster, Swan Lake, Le Sacre du Printemps
Abstrak: Agon, Lamentation, Esplanade

- Verhalend – dit het 'n duidelike storielyn (½)
- Abstrak – daar is geen tema of storie/kan die simboliese betekenis wees, bv. rou ensovoorts. (½)

2.3 Sinposis/tema/bedoeling. Afhangende van die werk kan dit die volgende insluit:

- Verduideliking van die choreograaf se bedoeling met die skep van hierdie werk.
- Agtergrondstimulus vir die skep van die danswerk, soos politieke stelling/godsdienstige stelling/emosionele stelling, ens. Konteks.
- Tema van die werk.
- Kort beskrywing van die aksie/beweging. (3)

2.4 Styl/gebruik van ruimte/patroonwerk/bewegingswoordeskat:

- Die style gebruik, soos klassieke ballet/kontemporêr/Afrika/volksdanse, ens.
- Hoe hierdie styl(e) gebruik is noem spesifieke bewegings bv. Dieragtige bewegings/gebare/mimiek/wieg/stamp/komedie, ens.
- Hoe die verhoogruimte gebruik is, bv. *Lamentation* – die danser verlaat nooit die bankie nie/*Ghost Dances* – die gebruik van die 7 rotsagtige strukture agter op die verhoog/*Swan Lake* – patroonwerk is baie simmetries. (5)

2.5 Produksie-elemente/effektiwiteit en simboliek gebruik afhangende van die werk gekies.

- Rekwisiete ('Props') – wat dit was/geen gebruik van rekwisiete, bv. leë verhoog/simboliek, indien enige.
- Stelle – beskryf dit, waar dit geplaas is en watter effek hulle moes skep/simboliek, indien enige.
- Beligting – die gebruik van ligte/kleur/posisie en die atmosfeer wat dit geskep het/simboliek, indien enige.
- Kostuums – beskryf en noem die effek wat die kostuums veronderstel was om te skep/simboliek, indien enige.
- Spesiale effekte indien enige/simboliek, indien enige.
- Musiek – hoe dit die werk versterk. (6)

2.6 Motiveer/Staaf hoe effektief die produksie-elemente was en gee spesifieke voorbeelde, bv.

- Versterk die atmosfeer
- Skep 'n visuele/ouditiewe beeld van die choreograaf se bedoeling.
- Skep emosionele reaksies by die gehoor.

Neem kennis dat 2.5. en 2.6 mag oorvleul. Ken ‘n ½ punt toe vir elke produksie-element en ‘n ½ punt vir gedetaileerde beskrywing en 1 punt vir die simboliese waarde of effektiwiteit indien voorbeelde ingesluit word. (4)

**[20]**

**VRAAG 3**

**MEMO:**

| **FOKUS VAN VRAAG** | **LEERUITKOMSTE** | | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Suid-Afrikaanse choreograaf | LU1 | LU2 | LU3 | LU4 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| Inleiding | | | √ | | | 1 | | |
| Agtergrond/opleiding/invloede | | | √ | | | 4 | | |
| Herkenbare kenmerke | | | √ | | | | 4 | |
| Loopbaan | | | √ | | | | 3 | |
| Samevatting | | | √ | | | | | 3 |

**NOTA AAN NASIENERS:**

Gebruik professionele oordeel wanneer die gehalte van die kandidaat se antwoord geassesseer word. Kandidate kan meer inligting in een afdeling as in 'n ander gee en in verskillende volgorde. Evalueer die hele antwoord om te assesseer wat die kandidaat weet en ken daarvolgens punte toe.

**KRITERIA VIR NASIEN:**

Die antwoord moet as 'n prysuitdelingstoespraak geskryf word. Trek ‘n ½ punt van die inleiding en ‘n ½ punt van die samevatting af as dit nie in hierdie formaat geskryf is nie. Nommering is aanvaarbaar.

In baie van die kwalitatiewe vrae wat **gedetailleerde verduidelikings** vereis, is een regmerkie nie gelyk aan een punt nie. Halfpunte kan toegeken word.

***Nasieners moet vermy om volpunte vir 'n antwoord te gee as dit oppervlakkig en minimaal is.***

Kolpunte ('Bullets') is gebruik om nasien te vergemaklik. ***Nie alle kolpunte sal deur die kandidaat ingesluit wees nie, afhangende van die choreograaf wat vereer word.***

**MOONTLIKE FEITE WAT KANDIDATE KAN INSLUIT:**

3.1 Inleiding – noem die choreograaf – geen puntetoekenning
- Waar hy/sy gebore is.
- Waar hy/sy tans gebaseer is.
- Enige ander relevante agtergrondinligting. (1)

3.2 Opeleiding en invloede:
- Sy/Haar dansopleiding – wanneer/waar.
- Style waarin hy/sy opgelei is.
- Geleenthede/tekort aan geleenthede as 'n kind.
- Geselskappe waar hy/sy gewerk het.
- Persoonlike invloede/artistieke invloede. (4)

3.3 Die dansstyl(e), herkenbare kenmerke/temas wat hierdie choreograaf gebruik:

- Dansstyle gebruik, soos kontemporêr/Afro-fusie/Afrika-/Ballet, ens.
- Kombineer verskillende style in een opvoering/tegniek.
- Tipiese beweging gebruik, bv. mimiek/gebare, kontakwerk, ens.
- Gebruik improvisasie – betrek dansers in die choreografiese proses of choreografeer op hulle eie – dansers nie betrokke in proses.
- Gebruik van verhoogruimte/onkonvensionele opvoeringsruimtes, ens.
- Tipe musiek/begeleiding gebruik.
- Gebruik van dansers.
- Temas verkies/inspirasiebedoeling.

(4)

3.4 Professionele loopbaan:

- Professionele dansloopbaan.
- Danswerke, geselskappe waar hy/sy opgetree het.
- Choreografiese werke/dansrepertoire en sy/haar belangrikheid om te dans.
- Affiliasies met ander dansgeselskappe.
- Ander belangrike projekte.
- Adverteer/Bevorder dans in Suid-Afrika en in buiteland.
- Hoe hy/sy die gehoor vermaak het.
- Hoe sy/haar werke 'n verskil aan dans gemaak het.
- Hoe die choreograaf se choreografiese styl die ontwikkeling van dans in Suid-Afrika beïnvloed het.
- Hoe die choreograaf se werke ander choreograwe geïnspireer het. (3)

3.5

Samevatting: Leerders **moet motiveer** waarom hierdie choreograaf hierdie toekenning moet ontvang.

- Prestasies
- Uitreikprogramme – opheffing van gemeenskappe/dans in Suid-Afrika.
- Ontwikkeling van dansgeselskappe
- Ontwikkeling van dansers
- Opleiding in die skole
- Opleidingsprogramme vir jong dansers
- Verskaf loopbane vir dansers
- Ontwikkel nuwe dansstyle
- Maak politieke stelling deur dans
- Ontwikkeling en bydrae tot dans in Suid-Afrika, ens.
- Ander toekennings.

(3)
**[15]**

**VRAAG 4**

**MEMO:**

| **FOKUS VAN VRAAG** | **LEERUITKOMSTE** | | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Inheemse dans | LU1 | LU2 | LU3 | LU4 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| Noem plek van oorsprong | | | √ | √ | | 1 | | |
| Proses/doel/deelnemers/waar en wanneer | | | √ | √ | | | 5 | |
| Kostuums | | | √ | √ | | 2 | | |
| Musiek/begeleiding | | | √ | √ | | 2 | | |
| Simboliese betekenis van die dans | | | √ | √ | | | | 4 |
| Besinning | | | √ | √ | | | | 2 |

**NOTA AAN NASIENERS:**

Gebruik professionele oordeel wanneer die gehalte van die kandidaat se antwoord geassesseer word. Kandidate kan meer inligting in een afdeling as in 'n ander gee. Evalueer die hele antwoord om te assesseer wat die kandidaat weet en ken daarvolgens punte toe.

**KRITERIA VIR NASIEN:**

Kandidate **moet** oor 'n **inheemse Afrika klassieke seremoniële rituele dans** antwoord. Geen punte sal toegeken word as kandidate oor populêre dansvorms, soos die rubbersteweldans/Pantsula/Kwaito, ens. skryf nie.

In baie van die kwalitatiewe vrae wat **gedetailleerde verduidelikings** vereis, is een regmerkie nie gelyk aan een punt nie. Halfpunte kan toegeken word.

***Nasieners moet vermy om volpunte vir 'n antwoord te gee as dit oppervlakkig, minimaal en vaag is/kan na vele verskillende danse verwys.***

Kolpunte ('Bullets') is gebruik om nasien te vergemaklik. ***Nie alle kolpunte sal deur die kandidaat ingesluit wees nie, afhangende van die danswerk waaroor hulle antwoord.***

**MOONTLIKE FEITE WAT KANDIDAAT KAN INSLUIT:**

4.1 Noem van dans.

4.2 Plek van oorsprong/area of stam. (1)
.

4.3 Verduideliking van die seremonie:
- Die proses van die rituele seremonie.
- Hoe lank dit duur.
- Doel bv. vrugbaarheid/mondigwording/troue, ens.
- Betekenis van die seremonie vir die gemeenskap
- Deelnemers aan die seremonie.
- Waar en wanneer dit plaasvind. (5)

4.4 Kostuums/Uitrustings: (ken ‘n ½ punt per item toe)

- Die ontwerp van die uitrustings, bv. kort geplooide rompies, ibeshu gemaak van diervel, ens.
- Die kleur van die kostuums.
- Bykomstighede, bv. krale, vlieëplak, skild en assegaai, hooftooisel, ens.
- Liggaamsverf/gaatjies, ens. (2)

4.5 Musiek/begeleiding: (ken ‘n ½ punt per instrument toe)

- Die klanke/instrumente gebruik, bv. tromme, enige ander instrumente gebruik, sang, ululering.
- Die komposisie van die musiek, bv. ritmiese patroon, melodie, vraag en antwoord, ens.
- Stamp/voetratels/liggaamsperkussie, ens.

(2)

4.6 Leerders moet die gebruik van simboliek identifiseer en die betekenis verduidelik, bv.:

- Kleure gebruik
- Wat is gedra/items gebruik
- Uitrusting(s) gedra
- Bewegings en die betekenis wat hulle oordra
- Woorde in die liedjies
- Liggaamsverf/versierings/bykomstighede
- Waar die ritueel gehou word/tyd van die ritueel, ens.

(4)

4.7 Besinning – antwoorde moet gemotiveer wees:

- Onderwys/Onderrig as 'n funksie van dans.
- Optrede met die doel om op te voed/op te lei.
- Trots op diverse kulture in Suid-Afrika.
- Verbinding met jou wortels.
- Identifiseer, maak sin uit kontinuïteit
- Blootstelling aan kulture behalwe jou eie. (2)

**[16]**

**VRAAG 5**

**MEMO:**

| **FOKUS VAN VRAAG** | **LEERUITKOMSTE** | | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoofdans/Choreografie | LO1 | LO2 | LO3 | LO4 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| Kenmerke – hoofdans | √ | | √ | | | | 7 | |
| Beskrywing/voorbereiding van werk | | √ | √ | | | 3 | | |
| Choreografiese proses, elemente en strukture | | √ | √ | | | | | 4 |

**NOTA AAN NASIENERS:**

Leerders sal baie verskillende antwoorde gee. Alle antwoorde moet spesifiek wees en in besonderhede verduidelik/met duidelikheid.

Gebruik professionele oordeel wanneer die gehalte van die kandidaat se antwoord geassesseer word. Kandidate kan meer inligting in een afdeling as in 'n ander gee. Evalueer die hele antwoord om te assesseer wat die kandidaat ken/weet en ken daarvolgens punte toe.

**KRITERIA VIR NASIEN:**

***Nasieners moet die toeken van volpunte vir 'n antwoord vermy as 'n antwoord oppervlakkig en minimaal is.***

Kolpunte ('Bullets') is gebruik om nasien te vergemaklik. Nie alle kolpunte sal deur die kandidaat ingesluit wees nie. Hulle is daar om die tipe antwoord wat 'n kandidaat kan gee, te help lei.

**MOONTLIKE FEITE WAT KANDIDATE KAN INSLUIT:**

5.1 Stilistiese kenmerke/beginsels van die hoofdans. Sewe faktore wat **beskryf** moet word, byvoorbeeld: (Indien gelys ken ‘n ½ punt per kenmerk/beginsel toe)

- Naam van die hoofdans (geen puntetoekenning nie)
- Beginsels van die hoofdans, bv. gebruik van swaartekrag, uitdraai van die bene, ens.
- Stilistiese kenmerke, bv.
  - o Tipe musiek gebruik
  - o Tipe opvoeringsruimte gebruik
  - o Tipe kostuums/skoene gedra
  - o Tipe choreografiese struktuur gebruik, bv.
    - ▪ Klassieke ballet gebruik dikwels verhalende temas
    - ▪ Kontemporêre dans gebruik dikwels abstrakte temas
    - ▪ Afrikadans gebruik dikwels seremoniële inhoud.
    - ▪ Plasing, postuur en liggaamslyn is een beginsel, houding is ‘n ander beginsel (7)

5.2 Waaroor die choreografie gaan, noem bv.:

- Die tema/bedoeling van die werk.
- Wat het die werk geïnspireer?
- Die persoonlike betekenis van die werk.
- Hoe hulle die volgende voorberei het, bv.:
  - o Idee/bedoeling nagevors
  - o Werk uit persoonlike ondervinding
  - o Vind prentjies/gedigte/teks, ens. om idees te stimuleer
  - o Skryf verskillende idees in die joernaal om te help met beplanning en voorbereiding
  - o Oudisies vir dansers
  - o Bespreek die idee met die dansonderwyser/dansers, ens. om meer kennis oor die idee/bedoeling/tema te ontwikkel.
- Die musiek, bv.
  - o Die titel van die musiek was die vertrekpunt.
  - o Gesoek vir musiek wat pas/idee van die werk versterk, bv. snaaks/dramaties/liries/jazzy, ens.
- Wat het die idee geïnspireer:
  - o Beelde uit die natuur kan 'n bron van inspirasie en metafoor wees
  - o 'n Gedig of storie kan die vertrekpunt verskaf. Beelde wat beweging genereer kan uit mitologie, klassieke of kontemporêre verhale kom en selfs uit lewensverhale van dansers.
  - o Werke van visuele kuns, soos skilderye of foto's. (3)

5.3 Die choreografiese prosesse, elemente en strukture gebruik, bv.

- Elemente van ruimte, tyd, krag:
  - o Hoe en waar ruimte in die danswerk gebruik is
  - o Konvensionele/onkonvensionele opvoerruimte gebruik en waarom
  - o Spasiëring en dansers se formasies
  - o Hoe musiek gebruik is – die spoed van die bewegings
  - o Hoe dinamika gebruik is – die krag van die bewegings, soos sag/sterk/aggressief, ens. en waarom.
  - o Aanvaar produksie-elemente, bv. beligting, kostumering, rekwisiete, dekor, musiek
- Die gebruik van improvisasie:
  - o Eksperimentering met nuwe bewegingswoordeskat.
  - o Bou vertroue om nuwe maniere van dansmateriaal aanbied, te probeer.
  - o Gebruik ruimte op verskillende maniere.
  - o Dansers werk saam en eksperimenteer deur improvisasie.
- Die gebruik van gebare of mimiek om die betekenis/bedoeling van die werk te versterk.
- Die gebruik van choreografiese elemente, soos kanon, spieëlbeeld, vraag en antwoord, eenheid, simmetriese of asimmetriese patroonwerk, rondo, ens. en verduidelik waarom. (4)
**[14]**

**TOTAAL AFDELING A: 70**

## AFDELING B: MUSIEKTEORIE

### VRAAG 6

**MEMO:**

| FOKUS VAN VRAAG | LEERUITKOMSTE | | | | | VERMOËNSVLAKKE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Musiekinstrumente/ kategorieë | LU1 | LU2 | LU3 | LU4 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| Toepassing | | | √ | | | 4 | | |

6.1 A of E (1)

6.2 D of F of E (1)

6.3 B (1)

6.4 C (1)
**[4]**

### VRAAG 7

**MEMO:**

| FOKUS VAN VRAAG | LEERUITKOMSTE | | | | | VERMOËNSVLAKKE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Musiek van 'n Suid-Afrikaanse danswerk | LU1 | LU2 | LU3 | LU4 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| Instrumentasie/begeleiding | | | √ | | | 2 | | |
| Genre/styl | | | √ | | | | 1 | |
| Versterking van danswerk | | | √ | | | | | 4 |

7.1 Geen puntetoekenning vir noem van danswerk nie.

7.2 Leerders moet spesifieke instrument(e) (‘n ½ punt per instrument, volle orkes verdien 1punt)/vokalebegeleiding/liggaamsperkussie/stilte/ spesiale effekte/orkestrasie in die werk gebruik, identifiseer. (2)

7.3 Styl of genre van die musiek, bv. klassiek/jazz/perkussie/volks/ Afrika tradisioneel/spiritueel/gospel, ens. (1)

7.4 Antwoorde moet 'n analise van die volgende insluit:
- Hoe die musiekkwaliteit die bewegings gebruik, beïnvloed.
- Hoe die klankeffekte/stilte die werk versterk.
- Hoe sang/woorde die betekenis van die werk versterk het.
- Hoe die gebruik van musiekelemente die werk versterk. (4)

**[7]**

**VRAAG 8**

**MEMO:**

| **FOKUS VAN VRAAG** | **LEERUITKOMSTE** | | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Musieknote | LU1 | LU2 | LU3 | LU4 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| Waardes | | | √ | | | | 4 | |

8.1  (1)

8.2  (1)

8.3  (1)

8.4  (1)

**[4]**

**VRAAG 9**

**MEMO:**

| FOKUS VAN VRAAG | LEERUITKOMSTE | | | | | VERMOËNSVLAKKE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Musikaliteit | LU1 | LU2 | LU3 | LU4 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| Versterk opvoering | √ | √ | √ | √ | | | | 5 |

**NOTA AAN NASIENERS:**

Baie moontlike antwoorde kan gegee word. Evalueer die antwoord en verduideliking deur die leerders gegee. Moenie punte toeken vir laevlakantwoorde nie. Die punt word slegs toegeken indien die antwoord verduidelik hoe die musiek die dans versterk. Definisie van die elemente is nie noodsaaklik nie. Leerders word gevra om in besonderhede die musiekelemente in verhouding tot die dans te verduidelik.

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**

**TEMPO**
- Verwys na die spoed van die musiek wat die spoed van bewegings sal beïnvloed.

**DINAMIEK**
- Hoe hard of sag die musiek gespeel word wat die stemming en energie van die bewegings sal beïnvloed.
- Dit sal die danser lei oor waar om die klem op spesifieke bewegings te plaas.

**RITME**
- Die gereelde of ongereelde ritmiese patroon van die musiek sal die ritmiese patroon van die dans beïnvloed.
- Sinkopasie is 'n aksent op die swak-/tussenslag.
- Poliritmiese strukture waar verskeie ritmes gelyktydig gebruik word kan die gehalte van die beweging beïnvloed aangesien hierdie kruisritmes vreemde of ongereelde aksente en beklemtoning in die musiek skep.

**TOONKLEUR**
- Verskillende klankkwaliteite – toonkleur van verskillende instrumente sal help sodat 'n danser die stemming/emosie van die musiek in sy/haar bewegings interpreteer.

**FRASERING**
- Die tel/groepering van musieknote, soos 3/4, 6/8, 4/4, ens. sal help met ritmiese interpretasie/groepering van die bewegings uitgevoer.

**[5]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: ANATOMIE EN GESONDHEIDSORG

## VRAAG 10

**MEMO:**

| FOKUS VAN VRAAG | LEERUITKOMSTE | | | | | VERMOËNSVLAKKE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Terminologie | LU1 | LU2 | LU3 | LU4 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| Algemene kennis | √ | | √ | | | 6 | | |

10.1 Waar (1)

10.2 Femur/Dybeen (1)

10.3 Onwaar (1)

10.4 Enige EEN van die volgende antwoorde:

- Dorsi-fleksie
- Plantaar-fleksie
- Inversie
- Eversie (1)

10.5 Goeie postuur kan insluit: Sametrekking van die abdominale spiere/sterk kern/kernstabiliteit, scapula word afgetrek/skouers ontspanne, ken parallel met die vloer.
Verleng die ruggraat om die kop oor die skouers in lyn te stel, die skouers oor die heupe, die heupe oor die knieë en die knieë oor die middelste toon in lyn te stel (om 'n reguit lyn te maak).
'Tucking' die heupe en plat rug is verkeerd. (2)
**[6]**

**VRAAG 11**

**MEMO:**

| **FOKUS VAN VRAAG** | **LEERUITKOMSTE** | | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Voeding | LU1 | LU2 | LU3 | LU4 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| Voordele van voedselgroepe | √ | √ | √ | √ | | | 5 | |
| Voordele van water | √ | √ | √ | √ | | | 3 | |

**NOTA AAN NASIENERS:**

Leerders moet die voedselgroepe noem en verduidelik hoe elke voedselgroep ('n ½ punt) tot 'n gesonde liggaam bydra en die danser se uitvoering versterk ('n ½ punt).

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**

11.1
- **Proteïene** (vleis, vis, eiers) is noodsaaklik vir spierherstel en -groei om die danser sterk spiere te gee wat nodig is vir uithouvermoë tydens klasse, ens.
- **Komplekse koolhidrate** (pasta, brood, rys, ens.) is effektief aangesien hulle energie stadig en stabiel vrystel wat 'n danser deur baie ure se klas, repetisies en opvoerings krag gee.
- **Vitamiene** (groente en vrugte) help om die metabolisme te reguleer en om vet en koolhidrate in energie om te skakel. Dit is noodsaaklik vir groei en lewenskrag/energie en gesondheid – deur die danser benodig om siekte en afwesigheid te voorkom.
- **Minerale** (groente en vrugte) word benodig vir gesondheid en kan krampe en moegheid voorkom.
- **Vette** (olies) – vetweefsel is nodig om noodsaaklike organe, soos die niere, te beskerm en om die liggaam te isoleer.
- **Suiwel** (melk, kaas, yogurt) - opbou van bene en gewrigte.

Nota: Vesel en water is nie voedselgroepe nie. (5)

11.2
- Water voorkom dat 'n danser dehidreer wat kan lei tot naarheid, diarree en braking, duiseligheid en verwardheid, ens.
- 72% van die lenige spier is uit water opgemaak – dit is dus noodsaaklik dat dansers hulle liggame nie ontwater nie, sodat hulle spiermoegheid kan voorkom.
- Indien moegheid intree, kan 'n danser nie ten volle konsentreer nie en dit is dan wanneer beserings meesal voorkom. (3)

**[8]**

**VRAAG 12**

**MEMO:**

| **FOKUS VAN VRAAG** | **LEERUITKOMSTE** | | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Omgewingsfaktore/ behandeling van beserings/ voorkoming/komplikasies | LU1 | LU2 | LU3 | LU4 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| Korrekte vloer | √ | | √ | | | | 4 | |
| Swak tegniek | √ | | √ | | | | 2 | 2 |
| Behandeling – RYKE | √ | | √ | | | 4 | | |
| Komplikasies | √ | | √ | | | | | 4 |

**KRITERIA VIR NASIEN:**

VRAAG 12.1 Ken ½ punt toe vir elke verkeerde vloer genoem en ½ punt vir hoe dit beserings sal veroorsaak.
VRAAG 12.2 Ander moontlike antwoorde moet aanvaar word as hulle relevant is.
VRAAG 12.3 RYKE moet in besonderhede verduidelik word om volpunte te verdien.

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**

12.1
- **'n Betonvloer/Sementvloer** tree nie as 'n skokabsorbeerder op nie. Beserings wat kan voorkom is:
  - o Daar sal impak op die gewrigte en ruggraat wees elke keer as die danser spring en land en dit sal lei tot gewrigs- en spinale beserings.
  - o Skeenbeensplinters
  - o Gekneusde hakke
  - o Achilles tendonitis
- **'n Nat vloer** skep die gevaar van gly. 'n Danser kan sy/haar enkel verstuit/breek.
- **Te veel hars** kan taai plekke op die vloer veroorsaak wat draai moeilik maak en kan lei tot verstuite knieë of enkels.
- **Krake en gate** in die vloerplanke kan die vel op die voete oopskeur. (4)

12.2 Baie verskillende voorbeelde kan ingesluit word:
- **Tekort aan opleiding** – as jy nie 'n goeie kennis het van hoe die liggaam werk nie, sal jy nie kan verstaan watter bewegings veilig of onveilig is om te doen nie, soos forsering van die uitdraai van die voet, rol die voete, verkeerd land na 'n sprong.
- **Swak onderrigmetodologie** – as jou onderwyser nie jou foute kan sien en regmaak nie, sal jy dit herhaal en dit kan tot 'n besering lei.
- **Gebrek aan voldoende toesighouding** – om dansoefeninge uit te voer sonder 'n bekwame onderwyser kan tot beserings lei want jy sal nie weet wat is veilig of onveilig nie.
- **Weerstand teen verandering** – dansers wat nie korreksies kan aanvaar of wat dit nie wil toepas nie, se risiko vir beserings is groot want hulle sal die verkeerde tegniek te herhaal.
- **Gebrek aan goeie postuur** – dit sal die ruggraat en gewrigte strem.
- **Gebrek aan komponente van fiksheid** – nie in staat om bewegings/liggaam te beheer nie
- **Verkeerde skoene** – mag enkel- of voetbeserings veroorsaak

Nota: ‘n relevante voorbeeld van ‘n spesifieke besering behoort gegee te word. (4)

12.3 Ken ½ punt vir benoeming en ½ punt vir verduideliking toe.
Die aanbevole behandeling vir die besering sal RYKE wees.

- **Rus** – help die liggaam met die helingsproses aangesien die energie op heling gefokus is.
- **Ys** – moet op die area gesit word so gou as moontlik om swelling te laat sak. Die koue verminder die pyn, versnel die sirkulasie en help die helingsproses.
- **Kompressie** – word gebruik in die vorm van verbande wat vasgedraai word wat die akkumulasie van vloeistof in die beseerde area voorkom. Dit is noodsaaklik om die kompressie gereeld te verlig.
- **Elevasie** – word gedoen om swelling en opdam van bloed in die beseerde area te voorkom. Dit help ook met die verwydering van vloeistowwe uit die beseerde area.
- **Salf** – om die inflamasie te verminder.

Nota: Indien kandidaat slegs RYKE skryf en nie verduidelik, ken slegs 1 punt toe. (4)

12.4
- Styfheid in die beseerde area – dit kan voorkom dat die danser op die vlak waar hy/sy voor die besering was, presteer en dat hulle agterraak met tegniek.
- Wederkerende pyn in die beseerde area – dit kan voorkom dat die danser gereeld klasse bywoon.
- Verlies aan fiksheid a.g.v. afwesigheid – die danser sal bykomende klasse moet doen om op te vang en dit kan tot verdere komplikasies lei as die besering oorwerk word.
- Verlies aan nuwe bewegingsoefeninge – raak agter met tegniek en bewegingswoordeskat.
- Gewigstoename a.g.v. geen oefening – kan emosionele ontsteltenis en spanning teweeg bring.
- Verlies aan selfvertroue – raak agter met werk.
- Algemene spiervermindering/spieratrofie – verloor spierkrag. (4)

**[16]**

**VRAAG 13**

**MEMO:**

| **FOKUS VAN VRAAG** | **LEERUITKOMSTE** | | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Fiksheidskomponente | LU1 | LU2 | LU3 | LU4 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| Definisie – uithouvermoë | √ | | √ | | | 1 | | |
| Kardiorespiratoriese | √ | | √ | | | | | 2 |
| Spier | √ | | √ | | | | | 2 |
| Ontwikkel uithouvermoë | √ | | √ | | | | | 3 |
| Ander komponente | √ | | √ | | | 4 | 4 | |

13.1 Die vermoë om oor 'n lang tyd te werk (sonder om moeg te word). (1)

13.2 **KRU (Kardiorespiratoriese uithouvermoë):**

- Die basis van opleiding
- Lewer suurstof aan spierweefsel oor lang tydperke
- 'n Goed gekondisioneerde hartspier pomp 'n groter volume bloed na die algemene sirkulasie wat die vervoer van suurstof na die spiere en organe verbeter.
- Verbeter die afbreek van brandstof vir gebruik deur die liggaam. (2)

13.3 **SU (Spieruithouvermoë):**

- Die vermoë om baie spiersametrekkings in 'n sekere tyd te deurstaan.
- Aktiewe spiere het genoeg suurstof en voedingstowwe nodig om optimaal te werk.
- Uithouvermoë sal die danser se optrede verbeter omdat alle bewegings moeiteloos sal lyk. (2)

13.4 Baie moontlike antwoorde kan gegee word. Party voorbeelde word hieronder genoem.

**KRU (Kardiorespiratoriese uithouvermoë):**

- Aërobiese tipes oefeninge wat spronge en bewegings oor die dansvloer behels.
- Spronge – sal al die spiere van die been behels om swaartekrag uit te daag.
- Gebruik die oorlaaibeginsel/vergroot die lengte van volgehoue bewegings in elke sessie.

**SU (Spieruithouvermoë):**

- Adage-oefeninge – behels die lig en hou van bene in verskillende posisies.
- Oplig ('Rises')/Pliés – sal die dy- en kuitspiere inspan om krag te ontwikkel vir spronge en balansering.
- Vloeroefeninge – om spesifieke spiere te teiken, soos om bene te lig/fleksie en strek van enkels.
- Battements tendus/'brushes'/om bene te lig/grands battements – sal al die beenspiere in strekposisies behels.
- Armoefeninge/port de bras – sal die krag in die arms en rug ontwikkel om te help met beheer en vloeiendheid.
- Gebruik die oorlaaibeginsel/vergroot die lengte van volgehoue bewegings in elke sessie.
- Ander oefeninge, byvoorbeeld aërobiese oefeninge, sport, hardloop (ken slegs 1 punt toe vir hierdie antwoord). (3)

13.5
- Soepelheid – 'n wye reeks bewegings rondom 'n gewrig (2)
- Krag – die vermoë van 'n spier om krag teen swaartekrag uit te oefen. (2)
- Kernstabiliteit – sterk spiere van die torso om goeie houding/postuur te handhaaf. (2)
- Neuromuskulêre vaardighede – senuwee-impulse vanaf die brein na die spiere gestuur om die liggaam te beweeg. (2)

Nota: Ken 1 punt toe vir die benoeming van die komponent en 1 punt vir die beskrywing.

**[16]**

**VRAAG 14**

**MEMO:**

| **FOKUS VAN VRAAG** | **LEERUITKOMSTE** | | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Spiere | LU1 | LU2 | LU3 | LU4 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| Identifisering | | | √ | | | 6 | | |

**Nota: Indien die anatomiese term nie 100% reg gespel word nie, maar erkenbaar is, trek 1 punt af vir Vraag 14.**

A Sternocleidomastoid (1)

B Deltoid (1)

C Trapezius (1)

D Latissimus dorsi (1)

E Gluteus maximus (1)

F Gastrocnemius (1)

**[6]**

**VRAAG 15**

**MEMO:**

| **FOKUS VAN VRAAG** | **LEERUITKOMSTE** | | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Gewrigsbewegings/-aksies | LU1 | LU2 | LU3 | LU4 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| Analise van beweging | | √ | √ | | | 2 | 6 | |

15.1 Bal-en-potjie-gewrig (1)

15.2
- Inwaartse/mediale rotasie (waar slegs rotasie ken ½ punt toe) (1)
- Abduksie (1)

15.3
- Uitwaartse/laterale rotasie (waar slegs rotasie ken ½ punt toe) (1)
- Abduksie (1)

15.4 Skarniergewrig (1)

15.5 Ekstensie/strekking (1)

15.6 Fleksie (1)
**[8]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou